# die Wapad

DEEL XIV — VRYDAG, 19 JUNIE 1959 — Nr. 10

OFFISIËLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.


# A.S.B.- Hoofbestuur op Potch.

## Veldtog teen NUSAS

DIE EERSTE VERGADERING VAN DIE NUWE HOOFBESTUUR VAN DIE AFRIKAANSE STUDENTEBOND NA DIE KONGRES GEDURENDE APRIL TE PRETORIA, HET SATERDAG OP POTCHEFSTROOM PLAASGEVIND ONDER VOORSITTERSKAP VAN DIE NUWE PRESIDENT, MNR. JOHAN STRAUSS VAN PRETORIA. DIE LEDE VAN DIE HOOFBESTUUR SOWEL AS DIE ORGANISEERDER WAS ALMAL BY DIE GELEENTHEID TEENWOORDIG.

Die verslag van mnr. Johan van der Vyver, vorige president van die A.S.B., oor sy besoek aan verskillende gebiede in Sentraal- en Wes-Afrika is ook by die geleentheid ter tafel gelê. Die verslag sal hopelik binnekort deur die Hoofbestuurder beskikbaar gestel word.

In die verslag word veral die bedrywighede van die liberaalgesinde Nusas buite die grense van die Unie aan die kaak gestel. Daar is dan ook besluit om met die veldtog teen Nusas se giftige buitelandse propaganda voort te gaan. Die A.S.B. sal poog om met 'n groot aantal oorsese universiteite te skakel om sodoende die standpunt van die A.S.B. te stel en om terselfdertyd pogings aan te wend om die vooroordeel en wanvoorstellings oor Suid-Afrika in die buiteland uit die weg te ruim en om 'n meer simpatieke houding vir ons probleme te verkry.

**In die verband sal die Regering ook genader word om beurse beskikbaar te stel ten einde studente aan te moedig om die rassevraagstuk in ons land te bestudeer.**

### FEDERASIE

Die Hoofbestuur het op 'n datum besluit vir 'n vergadering waarna alle universiteite uitgenooi sal word om die kwessie van 'n moontlike Federasie van Studenterade te bespreek. Die voorstel is deur Stellenbosch tydens die jongste kongres te Pretoria gedoen. Die vergadering sal op 1 Augustus te Pretoria gehou word, nadat die Hoofbestuur egter eers weer die saak bespreek het.

### BINNELANDSE GEBEURE

Wat binnelandse gebeure betref, kan daar binnekort 'n verklaring verwag word deur die president, mnr. Johan Strauss, met betrekking tot die onlangse gebeure aan die Universiteit van die Witwatersrand waarin op ondubbelsinnige wyse te kenne gegee word dat daar vir Afrikaanssprekende studente aldaar eintlik geen plek meer in die toekoms sal wees nie. Die Bond se standpunt ten opsigte van aparte universiteite sal eweneens in 'n verklaring deur die president gestel word

Die A.S.B. se deelname ... die Bond se algehele steun is toegesê aan die Uniefees aanstaande jaar. Die moontlikhede en terreine van deelname sal deur die Direkteur vir Studie en Navorsing ondersoek word en 'n verslag sal by 'n latere geleentheid uitgebring word.

Die bestuur het ook sy steun toegesê aan 'n toer van Hollandse studente deur die Unie later vanjaar. Die groep sal 'n reeks konserte in die vernaamste sentra van die Unie hou en die A.S.B. sal die organisasie waarneem. Dit word beskou as 'n belangrike voorwaartse stap om die samewerking van oorsese universiteite te verkry asook om onderlinge verhoudinge op 'n gesonde basis te stel.

### VOLGENDE KONGRES

Die volgende Uniale Kongres van die A.S.B. sal gedurende die Paasvakansie te Heidelberg, Transvaal, gehou word. Dit sal die eerste keer in die geskiedenis wees dat die Kongres op Heidelberg gehou sal word.

Die tema sal wees: **Die Unie van Suid-Afrika binne Afrika,** en vloei voort uit die tema wat vanjaar bespreek is, nl. **Die Krisis in Suid-Afrika.** Die onder-president, mnr. H. J. D. van der Walt, sal by die geleentheid 'n referaat lewer oor die standpunt ten opsigte van 'n toekomstige republiek in Suid-Afrika.


Tomstraat 90A

U FIRMA VIR FOTOGRAFIE

Fotokuns

Telefoon 3185
POTCHEFSTROOM

Kom besigtig ons
**GRAMMOFOONPLATE**
STEREOFONIES GEDEMONSTREER
**Kunsvlytafdeling**


# S.B.- TOER DEUR EUROPA

## Platsak Student ook Welkom

Die Afrikaanse Studentebond organiseer weer vanaf Desember 1959 tot Februarie 1960 'n studentetoer na Europa. Teen die verlaagde tarief van £350 per persoon, alles inslui- tend, word dit vir studente wat hierdie gulde geleentheid om Europa te bereis nie wil misloop nie—maar nie die reisgeld op die oomblik bymekaar kan kry nie—moontlik gemaak om die toer mee te maak deurdat hulle alle reisgeld na die toer in maandelikse paaiemente kan afbetaal.

Gedurende die toer, wat drie maande sal duur, word Groot-Brittanje, Nederland, België, Italië, Oostenryk, Switserland, Duitsland en Frankryk besoek. Die toergroep vertrek op 4 Desember aan boord van die Winchester Castle na Southampton.

Kersfees sal stil in Amsterdam deurgebring word—in 'n atmosfeer vreemd vir ons Suid-Afrikaners, nl. die Europese „wit Kersfees". Na 'n besoek aan België, vertrek die geselskap na Parys. Nuwejaar sal ook in Frankryk deurgebring word.

Die beroemde Blou Grotte op die eiland Capri sal besigtig word voordat 'n besoek aan die waterstad, Venesië, gebring word. 'n Hoogtepunt op die toer sal ongetwyfeld die wintersport in Tirol wees waar die geselskap van 24 tot 27 Januarie sal vertoef.

Die bootreis terug duur veertien dae, en op 18 Februarie kom die groep in Suid-Afrika aan.

Verdere besonderhede is verkrygbaar van: Direkteur van Toere, A.S.B., „Dagbreek", Stellenbosch.

# JULIETOERE VOORSPEL GROOT DINGE

## AANGENAME VOORUITSIGTE

Die drie toerliggame van die P.U. onderneem vanjaar in Juliemaand konserttoere deur verskillende dele van die land met die doel om fondse vir die Universiteit in te samel en die Universiteit aan die buitewêreld bekend te stel.

### ALABAMA

Die Alabama-orkes bring vir die derde keer in sy bestaan van sestien jaar 'n besoek aan Suidwes-Afrika. Opvoerings sal ook gehou word op drie plekke in Noordwestelike Kaap, terwyl twee opvoerings in Transvaal gehou sal word.

Die groep staan onder leiding van mnr. Maarten van der Walt, met mnr. Frans de Bruyn as S.R.-verteenwoordiger, en vertrek op 25 Junie en keer op 23 Julie weer terug. Die reisouers is dr. en mev. D. P. Erasmus.

Alabama verkeer in die gelukkige posisie dat twaalf van die dertig toerlede reeds vorige toere meegemaak het sodat 'n kern van ervare spelers oorgehou is. Onder leiding van mnr. Nesco du Toit het die orkes vanjaar ook 'n nuwe rigting ingeslaan en daar word vir die eerste keer in die geskiedenis van blaasinstrumente as kern van die orkes gebruik gemaak. Hierdie toevoeging blaas nuwe lewe in die Alabama en lei ook hopelik 'n nuwe rigting in studenteorkeslewe aan die Puk in: die Verdedigingsmag se beleid om blaasorkeste aan skole te stig beloof om 'n altyd groter wordende voedingsbron te word vir toekomstige uitbreiding op dié gebied. Die orkes tree tydens opvoerings in drie groepe op, naamlik 'n ritmegroep met Leon Porter aan die klavier, tradisionele Afrikaanse nommers met Japie Arangies (konsertina) as orkesleier, en die blaasgroep.

Die program bestaan verder uit Duitse volksdanse—wat veral vir die Duitssprekendes in Suidwes 'n groot aantrekkingskrag behoort te wees—Afrikaanse volkspele en verskeie musiekitems.

Nuwe aanwinste vir die Alabama is Lena Lotz en Nic Badenhorst (sangers), Karien Potgieter en Trudi Gey van Pittius (voordragkunstenaresse) wat saam met Esmé van Rensburg en Ben Bierman vir 'n groot verskeidenheid sal sorg.

(Vervolg op bladsy 4)

# DISKRIMINASIE TEEN AFRIKANERSTUDENTE

Die Studenteraad van Wits het verlede week twee belangrike besluite geneem ten opsigte van die regering se wetgewing insake aparte universiteite, en die A.S.B.

Die eerste besluit kom daarop neer dat die S.R. daarop aandring dat nie-blanke studente van Wits ten volle mag deelneem in die sosiale en sportbedrywighede van die Universiteit.

Kragtens die ander besluit mag geen student van Wits voortaan 'n vergadering van die A.S.B. as Wits-student bywoon nie. Daar is egter geen beperkinge op die reg van 'n student om enige vergadering in individuele hoedanigheid by te woon nie.

### REGTE.

Uit dit alles blyk dat die Studenteraad van Wits teen die Afrikaanssprekende studente diskrimineer en hulle regte nie respekteer nie, terwyl hy vir die regte van die nie-blanke alle gewig ingooi.

Die S.R. voeg verder daaraan toe dat „die A.S.B. 'n organisasie is wat geneig is tot onverantwoordelike uitlatings wat niks as net skeuring in die nasionale studentelewe kan bring nie.".

### SPYT.

Die Hoofbestuur van die A.S.B. het Saterdag op Potchefstroom sy spyt te kenne gegee oor die optrede van die Witsstudente en verklaar dat so 'n stap beslis nie meewerk om 'n beter verstandhouding en nouer kontak tussen die twee studentegroepe te bevorder nie.

„Hierdeur word die kloof tussen die A.S.B. en sommige sentra van Nusas net vergroot en verdiep," aldus die Hoofbestuur.



Vir daardie **hol** gevoel op die maag bak ons die HEERLIKSTE VLEISPASTEITJIES

**TURKSTRA BAKKERY**
(Edms.) Bpk.
KERKSTRAAT 61



Uit die mond van die suigeling . . . . !



**Dameth en Heerge**

**Die Bult Apteek**
IS TOT U DIENS
Vlak onder u Neus
Tomstraat 86 Tel. 3091



**REBA-KAFEE**
**Tomstraat 88**

DORS?

HONGER?

Bestorm ons om kronies versadig te raak.





U Fotograaf vir Kuns en Kwaliteit


***ALF'S STUDIOS***
KERKSTRAAT 133 TELEFOON 2432


Gedruk deur ENSLINS, Potgieterstraat 31, Potchefstroom

## Aan Biblioteke

Op onverklaarbare wyse het die Jaargangnommers van **Die Wapad** ook numeries begin tel, sodat die laaste uitgawe as deel nr. XVI die lewe gesien het. Dit is foutief. Die huidige reeks vorm deel van Deel XIV.

Ons wil graag ons verskoning hiervoor aanbied.

OP U PAD . . . .

**Die Welkom-kafee**

'N STUDENTEKAFEE!

* * *

**H/v. President en Von Wiellighstrate.**





**DIENS!**

OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

**Mooirivier-Apteek**

**205. Kerkstraat** **Telefoon 380.**


# *Sulke Tyd*

Een van die dae gaan ons weer vakansie hou, d.w.s. vir 'n verandering op 'n ander plek gaan niks doen.

Vakansietyd is toertyd. Daar is terloops nou 'n vierde toerende liggaam op die Puk: **Hennie van der Walt** gaan die einde van die jaar deur Midde-Afrika toer. Hennie was glo in 'n lelike penarie, omdat 'n ander Hennie se kys DIE WAPAD se skinderoor bereik het.

Hier volg verdere vakansievoornemens:

**Maarten van der Walt:** Weer bietjie gewig vermeerder.

**Dries Yssel:** Weer 'n baard laat groei.

**Andrew Pyper:** Konferensies in Johannesburg bywoon.

**Jan Combrinck:** Weer 'n slag eet (sy kakebeen is weer reg).

**Hans van Zyl:** Wil hou wat hy het.

**Gert Hattingh:** Notules skryf en afskrifte Warrenton toe gestuur.

**Bofbalspan:** Weer die Alma Mater se naam hoog hou.

**DIE WAPAD:** Om voort te kronkel.

**Jo' van der Lecq:** Verslank.

**Toy Dannhauser:** SWOT!

**Piet Bosman:** 'n Lewensmaatjie soek.

**Pieter van Maarleveld:** Foto's neem van die pale voor die Hoofgebou.

**Lou van Wyk:** Soek 'n langer woord as Vyfhoekkonsentrasiekampkerkhoffonds.

**Danie van Niekerk:** Wil twee windpompe koop vir die water in sy knieë.

**Jan Ras:** Kos kook in die „army".

**Adelheid le Roux:** Strawwe uitdink vir volgende kwartaal se proef.

**Koos du Plooy:** Rustig nadink oor 'n lekker semester op die Skooltjie.

**Eerstejaars:** Wil boeke saamneem huis toe!

**DIE RES:** Gaan elders heen en doen iets anders.

---

**WITS**

Sewe-honderd studente van Wits het 'n verklaring van die rektor, prof. W. G. Sutton, gevra waarom die nie-blankes verhinder word om aan sosiale funksies en sportaktiwiteite deel te neem.

Die brief herinner prof. Sutton daaraan dat hy met die aanvang van die akademiese jaar voor 'n gemengde gehoor die eerstejaarstudente aangemoedig het om ten volle deel te neem aan universiteitsorganisasies.




**Unie-Bakkerye**

**Posbus 244—Tel. 167 en 1086**

**Bakkers en Banketbakkers**
BROOD, KOEK EN PASTEITJIES

**KERKSTR. 60 — POTCH.**
**Spoorwegstr., KLERKSDORP**



# die wapad

## Redaksie en Administrasie

HOOFREDAKTEUR ........ Nesco du Toit 2911.

ONDER-HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE ........ Dirk Herbst X041

NUUS ........ Dewald Roode 1566.
en Frans van der Vyver 1366.

KUNS ........ Enid Rautenbach 1385.

VARIA ........ Proffie van Vuuren X041.
en Bets Coetzee 0013.

SPORT ........ Eddie van der Westhuizen X041.

SPOTPRENTTEKENAAR ........ Ben van der Walt 8611.

FOTOGRAWE ........ Johan van der Merwe 19.
en Marieke van der Merwe 281.

TEGNIESE ADVISEURS ........ Gouws Oberholzer 2162
en Henning Botha X042


SIRKULASIEBESTUURDER ........ Rassie Smit X042.

ADVERTENSIEBESTUURDER ........ Bennie Bierman 1188.

PENNINGMEESTER ........ Jan Kense X09.

TAALADVISEUR ........ **Dr. Hertzog Venter**

**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
**Vrydag, 19 Junie 1959.**

## REDAKSIONEEL
## VERBODE LEESSTOF

Die tydperk wat nou voor die deur staan, is ryklik met name beklee.

Die bekendste hiervan is die naam **vakansie.**

Vir baie van ons beteken dit swoeg en sweet in 'n ander omgewing ten einde in staat te wees om terug te keer na die campus—om te kom swoeg en sweet.

Of om te kom rus.

Vir andere onder ons beteken dit die swygsame aanhoor van 'n pers-rooi-in-die-gesig sersant-majoor op 'n afstand van vyftig treë: vir volk en vaderland—en lank lewe tannie 'Liesbet.

Dan is daar diegene wat gedurende die vakansie niks besonders het om te doen nie. „Wat die tyd kan gebruik net soos hulle wil."

U behoort aan die geslag wat kom—of gaan.

Kom vertel ons ook hoe dit voel.

Van die kant van die geleerdes kom egter nog ander name vir die veelgeroemde paar weke wat nou kom. Dinge soos **„studieverposing", „tydperk van begronding en besinning"**, en so meer.

(!)

Die wens van die Redaksie is dat dit met u sal goed gaan. Sterkte aan die toerende Pukke—hou dit hoog.

En as dit hotagter word, hou die blink kant daar.

Dit is **dié** verdedigingslinie vir termostatiese probleme.

## In U Lig

„Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."
Filippense 4 : 13.

Elke wens op aarde is onderworpe aan die dra van 'n kruis. Die skrif wys gedurig daarop: „Het die mens nie 'n stryd op aarde nie? En is sy dae nie soos die dae van 'n dagloner nie?" (Job 7 : 1). „Die mens uit 'n vrou gebore, is kort van dae en sat van onrus" (Job 14 : 1). Moeite en smart kleef die mens aan sedert die sondeval in die Paradys.

So is elke ware gelowige vandag ook nog maar onderworpe aan die dra van 'n kruis. Maar die lyde gebruik die Here ook as 'n tugmiddel, 'n opvoedingsmiddel vir Sy kinders wat hulle daaroor behoort te verbly soos oor die blyke van Sy Vaderlike liefde. En tog, hoe dikwels murmureer ons nie oor die dra van ons kruis wat God na Sy eie welbehae ons opgelê het nie? Dit word soms vir ons so swaar en moeilik. Dit voel soms asof ons knieë wil knak onder die gewig daarvan. Ons sleep dit dan moedeloos, swaarmoedig en murmurerend voort.

Hoe anders was nie die geval by Paulus nie. Hy wat by uitnemendheid 'n kruisdraer was. Hy wat lyde en smart in al hul naaktheid geken het. Hy het, ten spyte van al sy ontberinge, kon sê: „Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee."

Die geheim van Paulus se krag het nie in homself gelê nie. Hy het nie in eie krag gearbei nie, hoewel hy net so 'n mens soos u en ek was, uit homself onbekwaam tot enige goed en geneig tot alle kwaad. Daarom sê hy dan ook: „Ek is tot **alles** in staat deur **Christus** wat my krag gee."

Christus was nie vir Paulus 'n afgetrokke gedagtebeeld waaroor hy na hartelus kon fantaseer nie, maar die lewende Heiland met wie hy in voortdurende gemeenskap gestaan het. Christus was vir Paulus nie alleen 'n Christus van verre nie, maar ook van naby; na Sy Godheid, Genade, Majesteit en Gees. Nie alleen 'n Christus bo hom nie, maar ook by en met hom.

Daarin het die geheim van Paulus se krag gelê. Daarin lê ook deur alle tye heen die geheim van die sterkte van Gods volk. Op die innigste wyse is hulle met Christus verbonde. Hy is die hoof en hulle die lede. Hoe sou die lede hul kon beweeg en werk sonder 'n voortdurende verband met die hoof? Hy is die wynstok, hulle die lote. Hoe sou die lote kon lewe en vrugte dra sonder blywende verband met die wynstok? Wanneer Christus deur Sy Gees in die hart van die mens kom inwoon en werk, is daar 'n onlosmaaklike verband tussen Hom en Sy kinders.

Die uitvloeiing van die krag van Christus in die siel van die gelowige vind plaas deur die geloof. Die saligmakende geloof is die verbindingsorgaan van die siele met Jesus. Hoe meer ons in die geloof werksaam is en Hom as ons saligmaker aanneem en toe-eien, des te meer sal ook van sy goddelike krag ons toevloei deur die werking van die Heilige Gees.


'n Ander verbindingsweg, om maar nog net een te noem, is die weg van die gebed. Uit Sy volheid wil die Here ons genade op genade skenk, maar Hy wil ook daarom gevra word.

So het Paulus ook met die Here omgegaan. Hy het dit nagejaag asof hy dit kon gryp, waartoe hy ook van Christus Jesus gegryp was.

„Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee." So het Paulus getuig en is dit by ons ook so? Ken ons ook die ware gemeenskap met Christus en die invloeiing van Sy krag? So nie dan kan ons geen opregte kruisdraer wees nie. Dan het ons lydsaamheid nie die regte bron nie. Wel 'n natuurlike bron van gawe of redenering, maar nie die geestelike fontein nie: **Christus,** wat tot in ewigheid leef.

J. H. COETZEE.


PUKKE.....



Vir julle **BLêRKASTE** en ander **ELEKTRIESE BENODIGDHEDE**

**W. J. SPAVINS en SEUN**

Kerkstraat 101 Tel. 185


# Lofwaardige Poging deur Thalia

Thaliatoneelvereniging het baie inisiatief aan die dag gelê toe 'n Engelse eenbedryf Vrydagaand vir die eerste keer in baie jare weer op die planke gebring is.

**The Dear Departed,** 'n bekende klugspel van Stanley Houghton, is aangebied. Die klugspel neem die lae Engelse middelstand van om en by 1900 onder skoot.

**TONEELSPEL.**

Oor die algemeen was die toneelspel heel verdienstelik. Veral die gebarespel het getuig van fyn afrigting deur die regisseuse, mev. A. D. Lampen. Die hoofkarakter, Mrs. Slater, (Nicolean Kramer) verdien besondere vermelding. Mej. Kramer het haar rol goed getipeer en met haar geslaagde histeriese buie die komiese effek verhoog alhoewel sy soms effens te doelbewus daarna gestreef het. „Grandpa" (André Brink) het heel ongekunsteld sy rol vertolk en het die gehoor volkome geboei met sy oortuigende toneelspel. Die spel van die ander karakters was geslaagd, maar nie altyd so boeiend nie.

**DECOR.**

Die decor was baie sindelik, maar het die tydgees van die toneelstuk algeheel verbreek, aangesien die swierige moderne Sweedse meubels glad nie aanpas by die tydvak van die toneelstuk of by die sosiale stand van die karakters nie. Die alombekende dagblad, **Die Transvaler,** het lagwekkende lokale kleur besorg in die Engelse „high teas society"! Die kostumering, uitgeslote „Grandpa" en Victoria, was te jeugdig en nie tiperend genoeg van die bepaalde sosiale stand nie.

**ALGEMEEN.**

Ongelukkig het die komiese gehalte van hierdie klugspel nie tot volle ontplooiing gekom nie, alhoewel daar sommige kostelike situasies was. Hierdie aanbiedinge van 'n Engelse toneelstuk was egter oor die algemeen baie verdienstelik en die hoop word uitgespreek dat Thalia dit 'n permanente instelling sal maak.

# Nuusbrokkies van Oorsee

**DENEMARKE**

Samesprekings tussen professore en studente met die oog op die hervorming van doseermetodes aan Deense Universiteite word tans gevoer. Ondersoek het aan die lig gebring dat die gaping tussen skool en universiteit vir die studente te groot is, en nou wil die Dene 'n geleidelike oorgang bewerkstellig: 'n strawwer laaste skooljaar en 'n makliker eerste jaar op universiteit.

Die vraag het ook ontstaan of die doseermetode wat op skool toegepas word nie op universiteit meer vrugte sal afwerp nie.

* * *

**NEDERLAND**

Studente in Nijmegen, Nederland, het 'n staking georganiseer uit beswaar teen die toelating van aspirant laerskoolonderwysers tot universitêre status. Studente van die Universiteite van Groningen, Utrecht en die V.U. van Amsterdam het nie aan die staking deelgeneem nie.

**JOEGOE-SLAWIË**

Kunsstudente in Joegoe-Slawië sit na 'n lang en intensiewe opleiding in hulle vak sonder werk. Kenners wyt die tekort aan werk vir die studente aan die huidige maatskappy se gebrek in belangstelling vir kuns.

Die jong kunstenaars beskou hulle nou as oorbodig aangesien die publiek hulle met weinig respek behandel en 'n geneesheer of ingenieur 'n veel hoër status as hulle beklee.

* * *

**KOREA**

Ten einde die Kommunistiese ideologie oral te laat posvat, bied die Noord-Koreaanse Kommunistiese regering aan Koreaanse studente in Japan aantreklike beurse aan om hulle studie voort te sit. Die voorwaarde is dat die studente verder in die Kommunistiese leerstellinge moet studeer.

* * *

**COLOMBIA**

Alhoewel die meeste van die skoliere van Colombia aan universiteite inskryf, is die persentasie wat hulle studies voltooi baie laag. In 1957 het 86 persent aan militêre kolleges ingeskryf.

Sowat 2,000 studente skryf jaarliks in vir argitektuur-, wets- en ingenieurskursusse, maar minder as die helfte bereik die vierde jaar en omtrent 500 voltooi hulle studies.

In beroepe wat korter opleiding vereis, voltooi sowat 29 persent van die studente hul kursusse.

* * *

**JAPAN**

Die Studente-Sekretariaat van Japan het met 'n lofwaardige poging begin om die wêreld se gewildste studenteliedjies te versamel en in 'n Internasionale Sangbundel saam te bind. 'n Spesiale komitee is in die lewe geroep om met universitêre kultuurorganisasies te skakel om die liedjies te bekom.

**Dis die klein dingetjies wat die meeste vreugde kry.— Eugène Marais.**

**Hy wat talm om te begin, is reeds te laat.**




KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND!

by

**G. & H. JUWELIERS**

**129 Kerkstraat. Tel. 1031**

**Noord of Suid**

Waar u ookal u vakansie deurbring, koop nou u KAMERA, KLEUR, WIT en SWART FILMS by

**Beyers Claassen**

Lombardstraat Foon 455

POTCHEFSTROOM



**Claustrophobia?**

★

IS U BEKOMMERNIS DIE WOORD „STUDIE"?


MAAK DAARDIE WOORD INTERESSANT EN DUIDELIK — KOM NA

**PRO REGE PERS**

DIE POTCHEFSTROOMSE BOEKHANDEL

Kerkstraat 95 — Tel. 1164

BOEKHANDEL ANTIKWARIAAT



**JANET says:**

for: • SWEETS • GRILLS • COOLDRINKS

Take me to the —

**Grand Cafe, President Cafe, or Van Riebeeck Cafe.**

Cachet Modes

(EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92
POTCHEFSTROOM
Telefoon 1389.

ONS SPESIALISEER IN DRAG VIR JONG DAMES, VERAL

**KERKDRAG Nomottawol IN VOORRAAD**



# Sport in die Vakansie

## PUKKE GOED VERTEENWOORDIG

Die Puk se sportmanne en -vroue sal gedurende die Julie-vakansie druk besig wees met tussenuniversitêre wedstryde. Al die klubs wat wintersport beoefen, behalwe korfbal, sal aan toernooie deelneem.

● Die bofbalspelers gaan na Durban vir die interuniversitêre toernooi wat vanjaar in die winter plaasvind aangesien die gashere, Natal, net in die winter bofbal speel.

● Die eerste rugbyspan neem aan die jaarlikse proefwedstryde te Welkom deel en onderneem daarna 'n toer na Noordoos-Kaapland waar hulle vyf wedstryde sal speel.

● Die tennistoernooi vind die eerste week van die vakansie in Potchefstroom plaas en van die land se beste tennisspelers sal daaraan deelneem.

● Die Puk se sterk manne gaan op 27 en 29 Junie in Pretoria met die ander universiteite se stoeiers kragte meet en behoort goed te vaar.

● Albei die eerste hokkiespanne neem in Bloemfontein aan die hokkietoernooi deel.

Aan almal wat die Puk se kleure in die vreemde gaan dra, sê DIE WAPAD: „Sterkte en hou die vaandel hoog!"

## Vyf Pukke Draf Vir Wes-Tvl. Op

Vyf O/19-spelers van Puk is gekies om Wes-Transvaal te verteenwoordig, terwyl nog twee tot reserwes gekies is.

Die vyf wat die provinsiale span gehaal het, is Stefan Heydenreich, Isak Lessing, Carl Grundlingh, Piet van der Bank en S. le Roux Marais. Die twee reserwes is Prinsloo Potgieter en Piet Wolhuter.


Op pad . . .



na

GEEN & VELLEMAN

vir hulle

FOTOGRAFIESE en APTEKERSBENODIGDHEDE.


Volg hom na:

Kerkstraat 178.



Geen Verwarmers toegelaat?!

Ontsteek 'n hopie KOLE, SMITSKOLE, of ANTRASIET van



Stander & Linder

Wolmaransstr. 77 Tel. 368, 367

in u kamer!





MOENIE SOEK NIE!

'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind

Aptekers J. P. van der Walt

(EDMS.) BPK.

POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK

Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929



Drink die beste!

- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

PEP-I-DOO

S & S

Drink

- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134

POTCH MINERAL WATERS


## Onder 19 Presteer

'n Span wat deesdae windmaker rugby speel, is die Puk O/19-span wat binne 'n week in drie wedstryde daarin geslaag het om 116 punte aan te teken terwyl slegs 5 punte teen hulle aangeteken is.

In hul jongste wedstryd het hulle daarin geslaag om Korporasie met 36—5 in die stof te laat byt terwyl hulle 'n week tevore teen Klerksdorp Spoorweg die kriekettelling van 77—0 opgestapel het. In dié wedstryd het die Puk tien doele en nege drieë behaal. Sakkie Lessing, die kaptein, het vier keer gaan druk, Prinsloo Potgieter en Ernie van der Merwe elk drie keer, en Stefan Heydenreich het met nege vervyfskoppe geslaag.

Woensdag het hulle in 'n taai botsing ook die louere teen Proefplaas se sterk span weggedra met 3—0.

## JULIETOERE VOORSPEL GROOT DINGE

(Vervolg van bladsy 1)

### MUSIEKVERENIGING

Dié liggaam, wat daarvoor bekend is dat hy konserte van hoogstaande gehalte reël, onderneem vanjaar vir die eerste keer in twee jaar weer 'n toer, en wel na Noord-Natal en Oos-Transvaal.

Die leier is mnr. Jan Boneschans terwyl die organiseerder, mnr. Krüger van Niekerk, as S.R.-verteenwoordiger aangewys is. Die reisouers is dr. en mev. Attie van der Walt, wat goed bekend is met die gebied wat besoek word.

Die groep vertrek vroeg reeds op Donderdag die 25ste en die eerste opvoering vind die Vrydagaand op Volksrust plaas. Die toer eindig op 13 Julie met 'n aanbieding in die Germistonse stadsaal waar meer as duisend mense verwag word.

Die Musiekvereniging bied 'n puik en goedversorgde program aan wat bestaan uit vokale en instrumentale musiek. Die hoogtepunt van die program is die koor onder leiding van mnr. Pieter de Villiers, en al singende behoort hulle die hart van die publiek te verower met hulle siklus liedere, Engelse liedjies en Duitse volkswysies. 'n Baie oorspronklike toevoeging tot die program is die uitvoering van 'n Haydntrio deur dr. Van der Walt, Danie Fourie en Johan van der Merwe. Verder word die progam aangevul met klavier-duette en solo-items.

### THALIA

Die Thaliatoneelvereniging onderneem 'n uitgebreide toer na Noord-oos-Kaapland, of die „nimlike, koue biltonggeweste".

Hierdie toerliggaam, wat verlede jaar groot sukses behaal het, belowe om vanjaar weer vol sale te trek met 'n blyspel, **Die Kandidaat van Bommel** deur Doktor Juris, uit die Nederlands vertaal deur dr. T. T. Cloete. Met belowende nuwe talent in hul midde en verskeie ervare spelers sal Thalia die publiek op puik opvoerings kan vergas.

Die geselskap vertrek op 26 Junie en lewer hulle eerste opvoering die daaropvolgende Saterdag te Colesberg. Vyftien opvoerings word daarna gelewer op plekke soos Middelburg, Steynsburg, Molteno, Burgersdorp en die laaste te Bethulie op 17 Julie.

Mnr. Dries Yssel is die toerleier en mnr. en mev. P. G. W. du Plessis is die reisouers.

# *Western Reefs tem Puk*

## MOOI RUGBY OP ORKNEY

Die eerstespan moes Saterdag op Orkney nog 'n punt in die liga inboet toe die tuisspan, Western Reefs, hulle tot 'n gelykop beslissing van nege punte elk gedwing het. Alhoewel die Pukke ongelukkig was om nie meer punte aan te teken nie, moet alle eer aan die mynspan gegee word vir hulle hegte verdediging.

Dit is die eerste keer binne vier seisoene dat die Pukke nie op Orkney verloor nie en as Toy Dannhauser en Rassie van der Westhuizen maar net hulle skopskoene aangehad het, sou die telbord daar sekerlik anders uitgesien het. Met dié geluk aan hulle kant het die mynspan Saterdag die rol van leeutemmers gespeel.

Die naam van Rassie van der Westhuizen moet onder dié van uitblinkers genoem word. Sy posisionele spel was deurgaans uitstekend terwyl sy hanteerwerk en lynskoppe baie veilig was. Jan van der Schyff het Saterdag blitsig gebreek en was verantwoordelik vir 'n hele paar skouspelagtige lopies. Met sy bedrieglike systap het hy sy teenstanders telkens in die lug laat gryp.

Die Pukvoorspelers het andermaal bewys dat hulle 'n stewige stel is en die nuwe slotkombinasie is besig om vrugte af te werp. Die Pukke het nie alleen die woelige mynspan beheer nie, maar die losvoorspelers het vir Moodie so vasgelê dat die agterlyn min beweegruimte gegun is.

Vir Western Reefs het Moodie 'n drie gedruk en die heelagter Holtzhausen het met twee strafskoppe geslaag. Toy Dannhauser en Rassie van der Westhuizen het vir Puk elk met 'n strafskop geslaag terwyl Piet Bosman 'n skitterende agterlynbeweging afgerond het met 'n drie.

### NAVY en FIRES.

Navy moes die onderspit delf met 10—6 teen Western Reefs se tweedespan in 'n wedstryd wat baie deur beserings gekortwiek is. Japie Claasen, die nuwe regtervleuel, kon nie eers kans kry om te toon waartoe hy in staat is nie toe hy die veld weens 'n armbesering moes verlaat, en Pierre Maritz kon kruppel-kruppel nie sy volle gewig ingooi nie.

Dit was 'n taai stryd tussen die voorspelers, en Puk se agterlyn is deurentyd deur die tuisspan se woelige losvoorspelers aan bande gelê.

Tamatie Boshoff en Kallie Goosen, wat albei briljant vertoon het, het vir die Puk elk 'n drie gedruk.

Fires het hulle teenstanders maklik kafgedraf met 16—0.

## Op Die Stoeimat

Drie P.U.-stoeiers is gekies om aan die Suid-Afrikaanse amateurstoeikampioenskappe gedurende Juliemaand in Pretoria deel te neem. Hulle is Peet Kruger (veergewig), Koos van Niekerk (swaargewig) en Kobus Yssel (vlieggewig). Ongelukkig sal net Peet Kruger kan deelneem.

Vyf stoeiers het tydens die onlangse Suidwes-Transvaalse kampioenskappe ook besonder presteer. Peet Kruger en Kobus Yssel het naamlik kampioene van hulle afdelings geword terwyl Proppie Steyn 'n derde plek verower het.

Koos van Niekerk het teen die bekende Alwyn Visser wat verlede jaar tweede op die S.A. kampioenskappe geëindig het en wat 35 pond swaarder geweeg het, verloor en Ettiene de Villiers, 'n nuweling, was ongelukkig om in sy eerste geveg teen die wenner in sy afdeling te staan te kom, en is met 'n val geklop.


J. du Raan

HORLOSIEMAKER EN JUWELIER

Gewaarborgde Herstelwerk aan Horlosies deur G. Barth wat sy opleiding in Duitsland geniet het.

KERKSTRAAT 161

SPESIALE AFSLAG AAN STUDENTE





AITSA!

As die DAMES so sê Koop die Jongeheer sy klere by—

J. TOD SUTTIE

Kerkstraat 177 — Tel. 1

POTCHEFSTROOM.



„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"

BESOEK —

INGRAM SE DRANKWINKEL

Allerlei ● WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK

asook ● KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP

(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)

„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"



W. LINDEQUE

'N SKOENSPESIALIS VAN FAAM!

Kerkstraat 64 Telefoon 1280



SPESIALE PRYSE VIR STUDENTE!